

## B Lees en kyk

### Aktiwiteit 2 Lees en kyk: 'n Instruksieteks en 'n gedig

#### Pre-lees

1. Hoeveel tyd behoort 'n mens saam met jou troeteldier deur te bring?
2. Watter diere kan saam met mense aan 'n sportsoort deelneem?
3. Weet jy van enige padresies of wedren waar honde mag saamhardloop?
4. Vind uit wat die simptome van sonsteek is. Het jy dalk al hieraan gely?
5. Wat is die verskil tussen 'n instruksie en 'n verduideliking?
6. Vluglees die titel en die eerste en laaste paragraaf van die artikel hieronder (teks 1) om vas te stel wat die tema van die artikel is.

#### Leesstrategieë

**Vluglees:** Lees vinnig deur die teks om 'n idee te vorm waarom dit gaan. Fokus op die opskrif, die eerste en laaste paragraaf en die eerste sin van elke ander paragraaf. As daar prentjies by die teks is, kyk vlugtig daarna.

**Soeklees:** Sonder om die hele teks deeglik deur te lees, soek jy spesifieke inligting, soos hoeveel stappe 'n stel instruksies het en of jy alles het wat nodig is om die instruksies uit te voer. Laat gly jou oë van bo na onder en soek kernwoorde wat verband hou met die instruksies.

**Aandagtig lees:** Lees deeglik en met konsentrasie, want jy wil nie 'n instruksie verkeerd verstaan of mis nie.

Byvoorbeeld: Jy wil graag bene spesiaal vir jou hond op Dierebeskermdingsdag gaarmaak. Jy gaan deur die resepte in een van jou diererecepteboeke "soek" en kyk of een maklik en voedsaam genoeg gaan wees. Dan gaan jy die resep rustig en deeglik lees en die instruksies noukeurig volg.

#### Lees

Lees die teks op bladsy 88 en die gedig op bladsy 90 en beantwoord die vrae.

### Aktiwiteit 3 Werk met woorde

Werk in groepe van vier. Elkeen kies vyf van die onderstaande woorde en maak sinne daarmee sodat die betekenis van die woorde duidelik is. Lees jou sinne aan die groep voor.

vlugvoetig op vrye voet voetnote voetbad voetboei

voetenent voetbrug voetganger voetkonstabel voetwerk

voetmat voetpad voetpomp voetseer voetslaan voetspoor

voetstoots voeteval voetverkeer voetversorger

